



**NWU**®

NORTH-WEST UNIVERSITY  
NOORDWES-UNIVERSITEIT  
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA

## **Reëls vir die Benoeming, Verkiesing, Aanwysing en Aanstelling van Raadslede**

<b>Verwysingsnommer</b>	1P_1.3
<b>Verantwoordelike uitvoerende bestuurder</b>	Registrateur
<b>Beleideienaar</b>	Direkteur: Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste
<b>Verantwoordelike afdeling</b>	Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste
<b>Status</b>	Goedgekeur
<b>Goedgekeur deur</b>	Raad
<b>Datum van goedkeuring</b>	17 Junie 2021
<b>Datum van wysigings</b>	Wysiging aan paragraaf 10 op 23 Junie 2022
<b>Hersieningsdatum</b>	2024

## **REÛLS VIR DIE BENOEMING, VERKIESING, AANWYSING EN AANSTELLING VAN RAADSLEDE**

### **Aanhef**

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU), ooreenkomstig die bepalings van die Statuut van die NWU, hierdie Reëls vir die benoeming, verkiesing, aanwysing en aanstelling van Raadslede op 17 Junie 2021 aanvaar.

### **1 Vertolking en toepassings**

Hierdie reëls moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997 (“die Wet”); en
- 1.3 Statuut van die Noordwes-Universiteit (2017) (“die Statuut”).

### **2 Beleidsverklaring**

- 2.1 Dit is die beleid van die Noordwes-Universiteit (NWU) om 'n konsekwente stel riglyne en reëls daar te stel om die prosedures te bestuur vir die benoeming, verkiesing, aanwysing en aanstelling van Raadslede ooreenkomstig die bepalings van die Statuut.
- 2.2 Die seleksie van persone vir die benoeming, verkiesing, aanwysing en aanstelling moet gedoen word met die nodige sensitiwiteit vir die vind van 'n toepaslike balans in die Raad se samestelling met betrekking tot ras, geslag, gestremdheid en kennis en ervaring wat toepaslik is vir die doelstellings en korporatiewe bestuur van die multikampusgaard van die NWU.
- 2.3 Die Raad het die bevoegdheid om die vereiste vaardighede en diversiteitsteikens te bepaal om te verseker dat behoorlike sensitiwiteit vir ras, geslag en gestremdhede in die lidmaatskap van die Raad en sy komitees weerspieël word en moet maatreëls in plek stel om deursigtige, inklusiewe en proaktiewe prosesse te verseker om vaardighede en diversiteit in lidmaatskap te verwesenlik.

### **3 Algemeen**

- 3.1 Die Raad se Uitvoerende Komitee (UK) dien as lidmaatskapskomitee van die Raad, en die Registrateur is die verkiesingsbeampte vir die verkiesing van die lede soos bedoel in para 4(1)(c) tot (f) en (h) tot (j) van die Statuut, wat die NWU se Korporatiewe en Inligtingsbestuursdienste kan nader om hulp met die uitvoering van al die prosesse met betrekking tot die dokumentering, benoeming en administrasie wat nodig is vir die benoeming, verkiesing, aanwysing en aanstelling van Raadslede.
- 3.2 Waar 'n benoeming vir lidmaatskap van die Raad vereis word, moet sodanige benoeming skriftelik voorgelê word in die formaat, en vergesel van dokumentêre motivering en bewyse, soos voorgeskryf deur die Registrateur, en voor of op die datum en tyd deur die Registrateur bepaal.
- 3.3 Geen persoon wat 'n kandidaat vir verkiesing, aanwysing of aanstelling as Raadslid benoem, mag die benoemingsvorm van meer as een benoemde onderteken nie, hetsy as voorsteller of as sekondant.
- 3.4 Die proses van benoeming, verkiesing en aanwysing van Raadslede moet behoorlik geudit word deur NWU Interne Oudit voordat die uitkoms voorgelê word aan die UK vir evaluering en oorweging van botsende belange, goedkeuring van die proses en bekendmaking van die uitkoms aan die Raad.

#### **4 Verkiesing van raadslede deur die Senaat**

- 4.1 In die geval van 'n vakature in die lidmaatskap van 'n Raadslid soos bedoel in para 4(1)(c) van die Statuut weens tydsverloop stel die Registrateur alle lede van die Senaat betyds in kennis vir die vul van die vakature op die laaste gewone vergadering van die Senaat voor die verstryking van die ampstermyn.
- 4.2 Indien sodanige vakature voor die verstryking van die ampstermyn ontstaan, stel die Registrateur alle lede van die Senaat betyds in kennis vir die vul van die vakature op die volgende gewone of buitengewone vergadering van die Senaat.
- 4.3 In die kennisgewing van die Registrateur word alle lede van die Senaat genooi om geskik gekwalifiseerde lede te benoem op 'n benoemingsvorm soos voorgeskryf deur die Registrateur, wat deur twee lede van die Senaat en die benoemde self onderteken moet word.
- 4.4 'n Benoemingsvorm moet ingedien word by die Registrateur voor of op 'n datum soos bepaal deur die Registrateur, vergesel van 'n verkorte curriculum vitae, skriftelike aanvaarding van die benoeming en 'n verklaring van hoogstens 50 woorde deur die benoemde met betrekking tot sy/haar doelstellings indien hy/sy verkies sou word.
- 4.5 Die Registrateur gee so gou moontlik na die sluitingsdatum die name deur van alle geldige benoemings wat ontvang is.
- 4.6 Onder toesig van die Registrateur verkies die lede wat teenwoordig is in 'n vergadering met 'n kworum die vereiste aantal lede uit die geledere van die benoemdes deur 'n volstreekte meerderheid en per geslote stembrief volgens 'n kiesstelsel wat vooraf deur die vergadering bepaal word.
- 4.7 Indien die aantal geldige benoemings wat ontvang is gelyk aan of minder as die aantal vakatures is, word die benoemde of benoemdes as behoorlik verkose geag.

#### **5 Verkiesing van raadslede deur die akademiese werknemers van die NWU-Raad**

- 5.1 'n Persoon wat aan die definisie van "akademiese personeel" in para 1 van die Statuut voldoen, is daarop geregtig om te stem in die verkiesing van Raadslede in die kategorie soos bedoel in para 4(1)(d) van die Statuut.
- 5.2 In die geval van 'n vakature wat weens tydsverloop in hierdie kategorie ontstaan, stel die Registrateur alle stemgeregtigde akademiese personeel van die verstryking van die ampstermyn in kennis sodat die vakature betyds gevul kan word.
- 5.3 Indien sodanige vakature ontstaan voordat die ampstermyn verstryk, stel die Registrateur alle stemgeregtigde akademiese personeel daarvan in kennis sodat die vakature so gou moontlik gevul kan word.
- 5.4 In die kennisgewing van die Registrateur word alle stemgeregtigde persone in hierdie kategorie genooi om geskik gekwalifiseerde akademiese personeel te benoem op 'n benoemingsvorm soos voorgeskryf deur die Registrateur, wat deur twee akademiese personeellede en die benoemde self onderteken moet word.
- 5.5 'n Benoemingsvorm moet ingedien word by die Registrateur voor of op 'n datum soos bepaal deur die Registrateur, vergesel van 'n verkorte curriculum vitae, skriftelike aanvaarding van die benoeming en 'n verklaring van hoogstens 50 woorde deur die benoemde met betrekking tot sy/haar doelstellings indien hy/sy verkies sou word.
- 5.6 Die Registrateur gee so gou moontlik na die sluitingsdatum die name deur van alle geldige benoemings wat ontvang is.
- 5.7 Onder toesig van die Registrateur verkies die stemgeregtigde akademiese personeel die vereiste aantal lede uit die geledere van die benoemdes deur 'n volstreekte meerderheid en per geslote stembrief volgens 'n elektroniese kiesstelsel wat deur die Registrateur bepaal word.
- 5.8 Indien die aantal geldige benoemings wat ontvang is gelyk aan of minder as die aantal vakatures is, word die benoemde of benoemdes as behoorlik verkose geag.

## **6 Verkiesing van raadslede deur die ondersteuningspersoneel van die NWU**

- 6.1 'n Persoon wat aan die definisie van "ondersteuningspersoneel" in para 1 van die Statuut voldoen, is daarop geregtig om te stem in die verkiesing van Raadslede in die kategorie soos bedoel in para 4(1)(e) van die Statuut.
- 6.2 In die geval van 'n vakature wat weens tydsverloop in hierdie kategorie ontstaan, stel die Registrateur alle stemgeregtigde ondersteuningspersoneel van die verstryking van die ampstermyn in kennis sodat die vakature betyds gevul kan word.
- 6.3 Indien sodanige vakature ontstaan voordat die ampstermyn verstryk, stel die Registrateur alle stemgeregtigde ondersteuningspersoneel daarvan in kennis sodat die vakature so gou moontlik gevul kan word.
- 6.4 In die kennisgewing van die Registrateur word alle stemgeregtigde persone in hierdie kategorie genooi om geskik gekwalifiseerde ondersteuningspersoneel te benoem op 'n benoemingsvorm soos voorgeskryf deur die Registrateur, wat deur twee ondersteuningspersoneellede en die benoemde self onderteken moet word.
- 6.5 'n Benoemingsvorm moet ingedien word by die Registrateur voor of op 'n datum soos bepaal deur die Registrateur, vergesel van 'n verkorte curriculum vitae, skriftelike aanvaarding van die benoeming en 'n verklaring van hoogstens 50 woorde deur die benoemde met betrekking tot sy/haar doelstellings indien hy/sy verkies sou word.
- 6.6 Die Registrateur gee so gou moontlik na die sluitingsdatum die name deur van alle geldige benoemings wat ontvang is.
- 6.7 Onder toesig van die Registrateur verkies die stemgeregtigde ondersteuningspersoneel die vereiste aantal lede uit die geledere van die benoemdes deur 'n volstreekte meerderheid en per geslote stembrief volgens 'n elektroniese kiesstelsel wat deur die Registrateur bepaal word.
- 6.8 Indien die aantal geldige benoemings wat ontvang is gelyk aan of minder as die aantal vakatures is, word die benoemde of benoemdes as behoorlik verkose geag.

## **7 Aanwysing van Raadslede deur die VSR**

- 7.1 Ná die jaarlikse aanwysing van lede van die VSR ingevolge paragraaf 26(2) van die Statuut en die aanwysing van sy ampsdraers soos bedoel in paragraaf 28(1) van die Statuut, stel die Registrateur die voorsitter van die VSR skriftelik daarvan in kennis dat die VSR ingevolge paragraaf 27(2) van die Statuut so gou moontlik drie van sy lede moet aanwys om gedurende die VSR se ampstermyn op die Raad te dien.
- 7.2 Ingevolge die bepalings van die VSR-grondwet is dit die verantwoordelikheid van die voorsitter van die VSR om toe te sien dat die drie lede soos bedoel in 7.1 aangewys word en dat die name van die aangewesenes aan die Registrateur deurgegee word.
- 7.3 'n Aangewese VSR-lid dien vir een jaar as lid van die Raad, maar indien sodanige lid ophou om 'n lid van die VSR te wees voor die betrokke termyn verstryk het, moet 'n ander lid deur die VSR aangewys word om vir die res van die termyn as Raadslid te dien.

## **8 Verkiesing van raadslede deur die Konvokasie**

- 8.1 In die geval van 'n vakature in die lidmaatskap van 'n Raadslid soos bedoel in para 4(1)(i) van die Statuut weens tydsverloop stel die Registrateur alle stemgeregtigde lede van die Konvokasie op 'n gepaste wyse en minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn van die vakature in kennis.
- 8.2 Indien sodanige vakature ontstaan voordat die ampstermyn verstryk, stel die Registrateur alle stemgeregtigde lede van die Konvokasie daarvan in kennis sodat die vakature so gou moontlik gevul kan word.
- 8.3 In die kennisgewing van die Registrateur word alle stemgeregtigde persone in hierdie kategorie genooi om geskik gekwalifiseerde lede van die Konvokasie te benoem op 'n benoemingsvorm soos voorgeskryf deur die Registrateur, wat deur twee stemgeregtigde lede van die Konvokasie en die benoemde self onderteken moet word.
- 8.4 Ter voldoening aan artikel 27(6) van die Wet op Hoër Onderwys kan geen persone wat in diens is van die Universiteit of wat ingeskrewe studente van die Universiteit is in hierdie kategorie benoem word nie.
- 8.5 'n Benoemingsvorm moet ingedien word by die Registrateur voor of op 'n datum soos bepaal deur die Registrateur, vergesel van 'n verkorte curriculum vitae, skriftelike aanvaarding van die benoeming en 'n

verklaring van hoogstens 50 woorde deur die benoemde met betrekking tot sy/haar doelstellings indien hy/sy verkies sou word.

- 8.6 Die Registrateur gee so gou moontlik na die sluitingsdatum die name deur van alle geldige benoemings wat ontvang is.
- 8.7 Onder toesig van die Registrateur verkies die stemgeregtigde lede van die Konvokasie die vereiste aantal lede uit die geledere van die benoemdes deur 'n volstreekte meerderheid en per geslote stembrief volgens 'n elektroniese kiesstelsel wat deur die Registrateur bepaal word.
- 8.8 Die President van die Konvokasie kan twee lede van die Konvokasie aanwys om die Registrateur behulpsaam te wees met die bekragtiging van die uitkoms van die verkiesing.
- 8.9 Indien die aantal geldige benoemings wat ontvang is gelyk aan of minder as die aantal vakatures is, word die benoemde of benoemdes as behoorlik verkose geag.

## **9 Verkiesing van Raadslede deur die Raad van Donateurs**

- 9.1 'n Persoon wie se naam verskyn in die amptelike lys van donateurs van die NWU wat deur die Registrateur bygehou word ingevolge para 35(2) en (6) van die Statuut, is daarop geregtig om persone te benoem vir verkiesing as lede van die Raad soos bedoel in para 4(1)(h) van die Statuut.
- 9.2 In die geval van 'n vakature wat weens tydsverloop in hierdie kategorie ontstaan, stel die Registrateur alle donateurs van die verstryking van die ampstermyn in kennis sodat die vakature betyds gevul kan word.
- 9.3 Indien sodanige vakature ontstaan voordat die ampstermyn verstryk, stel die Registrateur alle donateurs daarvan in kennis sodat die vakature so gou moontlik gevul kan word.
- 9.4 In die kennisgewing van die Registrateur word alle lede van die Senaat genooi om geskik gekwalifiseerde lede te benoem op 'n benoemingsvorm soos voorgeskryf deur die Registrateur, wat deur twee lede van die Senaat en die benoemde self onderteken moet word.
- 9.5 'n Benoemingsvorm moet ingedien word by die Registrateur voor of op 'n datum soos bepaal deur die Registrateur, vergesel van 'n verkorte curriculum vitae, skriftelike aanvaarding van die benoeming en 'n verklaring van hoogstens 50 woorde deur die benoemde met betrekking tot sy/haar doelstellings indien hy/sy verkies sou word.
- 9.6 Die Registrateur gee so gou moontlik na die sluitingsdatum die name van alle geldige benoemings deur aan die voorsitter van die Raad van Donateurs.
- 9.7 Onder toesig van die Registrateur verkies die Raad van Donateurs die vereiste aantal lede uit die geledere van die benoemdes deur 'n volstreekte meerderheid en per geslote stembrief volgens 'n kiesstelsel wat vooraf deur die Registrateur in oorleg met die Raad van Donateurs bepaal word.
- 9.8 Indien die aantal geldige benoemings wat ontvang is gelyk aan of minder as die aantal vakatures is, word die benoemde of benoemdes as behoorlik verkose geag.

## **10 Aanwysing van Raadslede uit die geledere van die gemeenskapsleiers**

- 10.1 Vir die doeleindes van die aanwysing van die lede van die Raad soos bedoel in para 4(1)(j) van die Statuut beteken "gemeenskapsleiers" leiers in die gemeenskappe waar die NWU sy funksies verrig.
- 10.2 In die geval van 'n vakature wat in hierdie kategorie ontstaan, hetsy weens tydsverloop of voor die verstryking van die ampstermyn van 'n Raadslid in hierdie kategorie, nooi die Registrateur die lede van fakulteitsrade, kampusstrukture wat by die omliggende gemeenskappe betrokke is, en die Universiteitsbestuurskomitee om gemeenskapsleiers te benoem wat kwalifiseer om as Raadslede te dien ingevolge die bepaling van artikel 27(7) van die Wet en para 4(2) van die Statuut.
- 10.3 Benoemings (een van elke kampus van die Universiteit ooreenkomstig die multikampusbeginsel gestel in para 2.2) word ingedien op 'n benoemingsvorm soos voorgeskryf deur die Registrateur, wat deur twee werknemers van die NWU en die benoemde onderteken moet word.
- 10.4 'n Benoemingsvorm moet ingedien word by die Registrateur voor of op 'n datum soos bepaal deur die Registrateur, vergesel van 'n motivering van die benoeming, 'n verkorte curriculum vitae, en 'n skriftelike aanvaarding van die benoeming.

- 10.5 Op 'n gepaste datum roep die Registrateur 'n keuringspaneel byeen bestaande uit die voorsitter van die Raad, die Visekanselier, en een Raadslid aangewys deur die Raad uit elk van die kategorieë soos bedoel in para 4(1)(c), 4(1)(d), 4(1)(e), 4(1)(h) en 4(1)(i) van die Statuut.
- 10.6 Die keuringspaneel stel 'n kortlys op van minstens één meer as die aantal vakatures wat gevul moet word, vir voorlegging aan die Raad.
- 10.7 Die Raad kies, per geslote stembrief, die persoon of persone wat as Raadslede aangewys moet word in hierdie kategorie.

## **11 Aanstelling van Raadslede vir spesifieke kundigheid**

- 11.1 Vir die doeleindes van die aanstelling van die lede van die Raad soos bedoel in para 4(1)(k) van die Statuut beteken "spesifieke kundigheid" kennis en ervaring in 'n gebied wat noodsaaklik is vir doeltreffende korporatiewe bestuur soos geïdentifiseer deur die Raad deur 'n besluit wat op advies van die UK geneem word as 'n vakature in hierdie kategorie voorkom.
- 11.2 As daar 'n vakature in hierdie kategorie ontstaan, hetsy weens tydsverloop of voor die verstryking van die ampstermyn van 'n Raadslid in hierdie kategorie, lig die Registrateur die lede van die Raad betyds in.
- 11.3 Die UK sien toe dat geskik gekwalifiseerde persone geïdentifiseer word ingevolge die besluit soos bedoel in 11.1.
- 11.4 Ná oorweging van persone wat as geskik gekwalifiseerd geïdentifiseer is, maak die UK per geslote stemming 'n aanbeveling dat sodanige persoon of persone deur die Raad aangestel word.

Original details: (11664754) P:\2. Management\2.11 Records Management\PurpleStyleSheet\Policy Template.docm  
26 February 2021

Current details: (11664754)  
[https://nwucloud.sharepoint.com/sites/PolicyManagementandpublication/Shared%20Documents/2022%20Revised%20Policies/Approved/23%20June%202022/Rules%20for%20the%20nomination\\_designation\\_\\_\\_\1P\\_1.3\\_2021.docm](https://nwucloud.sharepoint.com/sites/PolicyManagementandpublication/Shared%20Documents/2022%20Revised%20Policies/Approved/23%20June%202022/Rules%20for%20the%20nomination_designation___\1P_1.3_2021.docm)  
28 Junie 2022

File reference: 1P\_1.3